



KLEIN KAROO  
NASIONALE  
KUNSTEFES

# 2020 PROGRAMRIGLYNE



Die Klein Karoo Nasionale Kunstefees word jaarliks in die hartjie van die Klein Karoo op Oudtshoorn deur Kunste Onbeperk NWO aangebied. Die moederfees, wat hierdie jaar 'n kwarteeu gevier het, skud haar vere reg vir 'n nuwe dekade en maak reg om voort te bou op die werk van die vorige 25 jaar. Ons is toegewyd om deur die kunste 'n verskil te maak aan ons land en sy mense.

**Ons verwelkom produksie- en projekvoorstelle vir die fees en hierdie dokument bevat al die riglyne van wanneer, waar en hoe.**

**Enige navrae kan gerig word aan Faren Esau, programadministrateur, by 044 203 8600 of [faren@kunste.org.za](mailto:faren@kunste.org.za)**

## 1. 2020-FEESDATUMS

Die 26ste KKNK vind van Dinsdag 24 Maart tot Sondag 29 Maart 2020 op Oudtshoorn plaas.

## 2. SPERDATUM VIR VOORSTELLE

Dien jou voorstel so gou moontlik, maar voor die sluitingsdatum van Vrydag 21 Junie 2019 aanlyn in.

## 3. HOE OM AANSOEK TE DOEN

Die proses is maklik. Die aansoekvorm is beskikbaar by [www.kknk.co.za](http://www.kknk.co.za). Vir oorweging moet jy die aanlyn vorm volledig invul.

Wanneer 'n voorstel suksesvol ingedien is, sal jy outomaties erkenning daarvan ontvang. Hou asb. die dokument as verwysing vir die inligting wat jy gestuur het. Indien jy nie dadelik die erkenning van ontvangs kry nie, kontak die kantoor.

## 4. DIE PROSES

Alle aansoeke word na 'n aanbevelingspaneel gestuur vir oorweging. Die evalueringskriteria word by punt 5 bespreek. Nadat die proses voltooi is, word 'n kortlys opgestel en die kantoor sal met jou in kontak wees indien daar enige verdere vrae oor die voorstel is. Finale keuring sal teen einde September klaar wees. Die kantoor sal jou in kennis stel of jou voorstel deel sal wees van die fees, al dan nie. Indien jy geen kommunikasie teen 30 September ontvang het nie, moet jy asb. die kantoor kontak.

## 5. KRITERIA EN KEURINGSRIGLYNE

Daar is verskeie aspekte wat oorweeg word vir die samestelling van die finale program.

**Elemente wat voorkeur sal geniet en sal uitstaan, is onder meer:**

- Innovering
- Debuutwerke
- Nuutgeskrewe tekste/musiek
- Eg suid-afrikaanse stories
- Veeltalige produksies
- Nieverbale produksies
- Konsepuele werk
- Interessante kombinasies van kunstenaars
- Bemerkbaarheid

**Jaarliks is daar uitstaande voorstelle, maar ons kan ongelukkig nie al die aansoeke aanvaar nie en daar is ook praktiese aspekte wat hier 'n rol speel:**

- Geskikte venues vir die aanbiedings (hier word kapasiteit en potensiële kaartjieverkope ook oorweeg)
- Tegniese behoeftes van die aanbiedings
- Skaal van aanbiedings
- Die balans van die program om alle genres en teikenmarkte te dien
- Finansiële implikasies van 'n produksie

As 'n nasionale Suid-Afrikaanse kunstefees is ons doel om 'n platform te wees wat uitnemende professionele werk van Suid-Afrikaanse kunstenaars aanbied. Kunste Onbeperk en die KKNK skep egter ook platforms vir nieprofessionele of amateur-optredes en die fokus val hier veral op Oudtshoorn en sy omgewing. Ons verwelkom graag internasionale produksies indien die produksies aangebied kan word sonder om fondse wat vir Suid-Afrikaanse kunstenaars gebruik kon word hiervoor aan te wend.

Die KKNK se program word sorgvuldig saamgestel om 'n deurdagte ervaring vir feesgangers te skep. Die KKNK is toegewyd om 'n fees te wees wat sover moontlik ook 'n bydrae lewer tot omgewingsake, goeie burgerskap en algehele samehorigheid. Ons oorweeg dus ook ten sterkste voorstelle wat hierdie visie ondersteun.

## **6. TEIKENMARK**

Ons teikenmark is 'n breë spektrum van feesgangers en in die samestelling van die program ondersoek ons moontlikhede vir almal:

### **ONS FEESGANGERS**

- is divers en veeltalig
- is meestal Afrikaans magtig
- kom van alle uithoeke van die land (en ook ander lande)
- se spreektaal is meestal Afrikaans, Engels en Xhosa, maar hulle gaan kyk produksies wat enige taal insluit
- word nie gemeet aan hul salaris nie, ons is 'n fees vir almal en daarom kyk ons ook na gratis vermaak wat daaglik aangebied word sodat enigiemand die kunste kan ervaar
- sluit alle ouderdomsgroepe van pasgebore tot 120 in
- hou van gehalteteater waar hulle kan lag en huil
- hou daarvan om uitgedaag te word
- hou van intieme musiekoptredes, maar ook van skouspelagtige konserte
- is nuuskierig en weetgierig
- is mense wat glo in goeie en positiewe burgerskap
- staan vroeg op en kuier tot laat
- het 'n sterk mening en weet waarvan hulle hou
- kom gewoonlik in 'n groep wat familie en vriende insluit

## **7. KONTRAKTIPES**

Ons bied twee verskillende kontraktipes aan en jy moet in jou voorstel aandui wat jy verkies:

### **A. FOOIKONTRAK:**

Kunste Onbeperk vervaardig 'n aantal debuutaanbiedings. In hierdie geval dra Kunste Onbeperk die onkoste van die produksie en aanvaar verantwoordelikheid vir al die speelvakke. In ruil vir sy belegging verwag Kunste Onbeperk inspraak in die kreatiewe proses.

### **B. LOKETBASIS:**

Kunste Onbeperk deel in die loketinkomste van die aanbieding by die KKNK, maar dra geen verantwoordelikheid vir die skeep van die aanbieding nie. Die meeste produksies word op hierdie grondslag aangebied.

## 8. WAARNA SOEK ONS?

Dit is vir ons belangrik om aan almal die geleentheid te bied om voorstelle in te dien en daarom rig ons hiermee 'n ope versoek aan die kunstebedryf. Alle voorstelle is welkom, maar ons stel veral in die volgende belang:

### 8.1 TEATERPROGRAM

#### - TEATER

- Drama en komedie is 'n kerndeel van die KKNK se program.
- Ons stel belang in relevante Suid-Afrikaanse stories wat ook belangrike sosiale, maatskaplike en ekonomiese kwessies takel.
- 'n Verskeidenheid produksies word aanvaar om 'n gesonde balans tussen nis- en gewilde aanbiedings te verseker.
- Plekspesifieke voorstelle wat die landskap van die Klein Karoo inkorporeer, sal sterk oorweeg word.
- Ons stel ook belang in produksies wat spesifiek op familie-, kinder- jeugvermaak en jong volwassenes fokus.
- Voorkeur word aan nuutgeskrewe Suid-Afrikaanse tekste gegee, maar dit is ook vir ons belangrik om relevante klassieke en kontemporêre werk van hier en elders aan te bied.

#### - MUSIEK

- Alle musiekgenres word oorweeg.
- Kunste Onbeperk wil belê in innoverende en weldeurdagte musiekproduksies, wat uitstaande musikante en/of sangers inkorporeer. Produksies word aangebied in 'n verskeidenheid van venues, wat wissel van intieme 100-sitplek- tot opelugvenues met 'n kapasiteit van tot 9 000 mense.
- Kunste Onbeperk wil ook belê in musiekteaterproduksies wat politieke, sosiale en maatskaplike kommentaar lewer en stel veral belang in satiriese werk (soos byvoorbeeld kabaret).

#### - UITKAMPTEATER

Hierdie bekroonde platform wat reeds sedert 2016 aangebied word, is 'n uitstaande speelgrond vir jong kunstenaars en ook meer gevestigde kunstenaars om te eksperimenteer en meer konsepuele teater na die fees te bring.

**Merk asb. duidelik in jou voorstel indien jy vir Uitkampteater inskryf.**

#### **Die volgende riglyne geld vir Uitkampteater:**

- Produksies is tussen 15 en 20 minute lank
- Dit word opgevoer in klein 4 m x 4 m-tente (of in 'n ander klein tydelike ruimte)
- 20 tot 30 gehoorlede kan per ruimte geakkommodeer word, afhangend van die produksie se uitleg tussen die gehoor en opvoerruimte
- Die produksies word elke dag van die fees minstens ses keer per dag aangebied
- Die produksie is verantwoordelik om die tent (of ruimte) binne en buite temasies aanloklik te maak (as deel van die bemerking)
- Die fees verskaf minimale tegniese inrigting
- Alle genres is welkom
- Familievermaak tot meer uitdagende werk vir volwassenes word oorweeg
- Die fees verskaf 'n vervoertoelaag en basiese verblyf aan die geselskap
- Alle inkomste word op loketbasis hanteer
- Die kaartjies is alleenlik by die deur beskikbaar en word nie deur Computicket verkoop nie
- Dit is van kardinale belang dat die produksie ook 'n sterk bemerkingsveldtog loods om gehore tydens die fees na die optredes te lok

#### - STRAATTEATER EN -KUNS

'n Uitgebreide program word jaarliks in Baron van Reede-straat (die feeskern) en die Kuierbuurt ('n area met stalletjies, kroeë en musiek) aangebied. Ons moedig alle kunstenaars aan om voorstelle vir straatoptredes (busking) vir KKNK 2020 in te dien. Ons wil ook visuele kunstenaars aanmoedig om voorstelle te stuur vir buitelugkunsinstallasies.

## 8.2 ANDER PROGRAMMAANBIEDINGS

### - VISUELE KUNS:

Visuele kunsvoorleggings word in 'n aparte proses hanteer. Die tema vir visuele kuns, en die bepalings en voorwaardes daarvoor, is teen einde Mei beskikbaar. Aansoeke en navrae kan per e-pos gestuur word aan Faren Esau by 044 203 8600 of [faren@kunste.org.za](mailto:faren@kunste.org.za).

### - KUIERBUURT-MUSIEKVERHOË:

Populêre en kontemporêre musiek wat op gesinne gemik is, word hier aangebied. Indien jy op die Kuierbuurt se musiekverhoë wil optree, voltooi die aanlyn vorm. Ons verkies dat kunstenaars nie met backtracks optree nie.

### - OPELUG-PIEKNIEKKONSERTE:

Voorstelle word verwelkom vir die opelug-piekniekkonserte wat elke aand by die Kuierbuurt aangebied word. Weldeurdagte konserte met uitstaande musikante en sangers, populêre en kontemporêre musiek wat op gesinne gemik is en 'n uiteenlopende gehoor opgewonde sal maak, word verwelkom.

### - KLEIN KAROO-ERVARINGS:

Indien jy voorstelle het wat as aanvullende ervarings vir feesgangers kan dien, kan jy dit ook aanlyn aan ons stuur. Dit sluit onder meer kos- en wynproeë, werkswinkels, toere, sport- en natuurervarings in. Ervarings wat die Klein Karoo en Oudsthoorn se natuurskoon, geskiedenis en gehalteprodukte inkorporeer, sal ten sterkste oorweeg word.

### - GESPREKSREEKSE:

Indien jy interessante voorstelle vir gespreksreekse of werkswinkels het, stuur jou voorstelle aan Hugo Theart na [hugo@kunste.org.za](mailto:hugo@kunste.org.za).

## 9. NAVRAE

Algemene navrae: Faren Esau by [faren@kunste.org.za](mailto:faren@kunste.org.za) of 044 203 8600

Navrae oor dié programriglyne, of spesifieke voorstelle vir programinhoud: Hugo Theart by [hugo@kunste.org.za](mailto:hugo@kunste.org.za)

